

**Skriflesing:** Psalm 48

Teks: **Psalm 48:4**

**Heidelbergse Kategismus: Sondag 21**

**Sing- Ps. 48:1; Ps. 32:4; Ps. 48:4,5**

Geliefdes ins. ons Here Jesus Christus,

In Sondag 20 het die Heilige Gees oor Homself gepraat. **Wat glo jy van die Heilige Gees?**

Toe het ons bely dat die Gees **saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is en dat die Gees ook aan my gegee is, sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.** Dadelik na dié belydenis is ons vandag by die kerk. Hoekom? Die deel-kry aan Christus, die troos, die ewige verblyf van die Heilige Gees is alleen deur die ware kerk moontlik. Daarom die byna haastigheid in ons belydenis dat ons by die ware kerk sal uitkom.

Verlede Sondag vóór die toe deur van die kerk in Laodicea het die Here aan ons gewys dat Hy deur die kerk by die mense wil inkom. Die kerk is vir God belangrik, daarom bely ons die kerk. Die kerk is produk van die Heilige Gees. Die Gees is Self die fabrikaat. In die kerk moet die dinge reg gaan. Die kerk is die enigste heiligdom waarin die Heilige Gees die heiligmaking verrig. Laat ons dit in die begin nou-al vir mekaar sê – buite die kerk is daar geen saligheid nie. Die saligheid wat Christus skenk werk nooit buite sy kerk om nie. Die gelowiges kan nie dink om op hulle eie te bestaan buite die liggaam van Christus om nie. Die kerk wat Christus sy liggaam noem.

Wie glo is geroep om hom/haar by die ware kerk te voeg. Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis kan u hiermee vergelyk. Daar bestaan nie iets soos 'n buite-kerklike christendom nie. 'n Mens buite die kerk moet nie vir ons wil sê, hy/sy is 'n christen nie. Die mens is dan besig om vir Christus te verloën, om vir die Heilige Gees te lieg. In Hand. 5 kan ons duidelik sien, mense kan mekaar mislei, maar God kan nie mislei word nie. Om vir God te lieg het te doen met die misdadige na-aping of nabootsing van God se werk. Om vir jouself 'n kerk in jou brein te probeer stig, hoe ons dink christene moet wees; en dan ignoreer so 'n mens eintlik die ware God soos Hy Hom net in sy kerk aan ons wil bekend maak.

Die kerk is 'n stigting van God, nie van mense nie! Daarom dink ons dan ook nie aan die kerk as een of ander organisasie waarby ek kan aansluit soos ek wil of as dit nou nie meer vir my welgeval nie, dan bedank ek die kerk.

Wanneer ons, ons geloof bely, soos ook weer vanoggend, dan sê ons, ons glo in die Heilige Gees en net daarna ons glo aan 'n heilige, algemene, christelike kerk. Ons kan nie in die kerk glo nie, maar wel in God, die Heilige Gees as die Een wat heilig maak. Ons glo aan die kerk, omdat ons glo dat daar 'n kerk bestaan. Ten diepste is die kerk dus 'n onsigbare werklikheid.

Daarom kan die kerk nie 'n organisasie wees wat in 'n genootskap of een of ander organisasie van mense uitkom nie. Die 4 eienskappe van die kerk, nl. sy eenheid, sy heiligheid, sy algemeenheid en sy Christelikheid is al vier onsigbaar in die teenwoordigheid. Ons kan nie die kerk sien nie, maar wel ek glo aan die kerk. Daarom gaan die werklikheid van die kerk om die onsigbare soos die kerk in Christus uitverkies is. Sonder die uitverkiesing kan ons die kerk nie verstaan nie. Uitverkiesing is die hart van die kerk.

Ons lees in Handeling 13:48 - ..... uit die heidene het gelowig geword alleen dié *wat verordineer was tot die ewige lewe*. Ons reeks uit die Dordtse Leerreëls het al dikwels hierna verwys. Dink ook aan Efesiërs 1:4-5 is die boodskap aan die kerk in Efese juis net aan hulle gerig *wat Jesus in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus na die welbehae van sy wil*. Die kerk is die uitgekooptes. Openbaring 5:9 – (vanoggend se Skriflesing) *Christus het ons vir God met sy bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie*.

\*\*\*

Uitverkiesing is genade, dit maak die bestaan van die kerk net genade. Die Here het al in die naam wat Hy vir sy kerk gegee het net die uitverkorenes veronderstel, want die Griekse woord vir die eerste kerk is die woord “Ekklesia”, dit is afgelei van die woord “ek kaleo”, dit beteken om uit te roep, dan is die kerk mos die uitgeroepes, of dan die uitverkorenes. Moet u ook nou nie hierteen blind staar nie. Calvyn het al vir ons gesê die uitverkiesing werk soos die son. Sonder die son kan ons nie lewe nie, maar wie daarin vaskyk word blind.

Uitverkiesing is alleenlik bedoel om aan te moedig, te troos, jou rus te gee, dis as't ware die Here se versekering wat Hy voor die grondlegging van die wêreld op ons as sy kerk uitgeneem het en nou kan ons seker wees van God se versekering, sy uitverkiesing.

In die eerste deel van ons belydenis gaan dit dan om die kerk as vergadering van uitverkorenes. Die hoofsin kan ons saamvat dat DIE SEUN VAN GOD VERGADER. Wie vergader? Die Seun van God. Waaruit vergader Hy sy kerk? Uit die ganse menslike geslag. Waartoe vergader Hy sy kerk? Dit moet vir Hom 'n gemeente wees wat tot die ewige lewe uitverkies is. Waardeur vergader Hy sy kerk? Deur sy Gees en Woord. In watter eenheid vergader Hy sy kerk? Deur sy Gees en Woord. In watter eenheid vergader Hy sy kerk? In die eenheid van die ware geloof. Van wanneer tot wanneer vergader Hy sy kerk? Van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

Broeder en suster, as u ons belydenis so in u hart kan vasvat, dan is u kerk van die Here. Let op die persoonlike slot van ons belydenis. Van die grote kerk in Christus, deur al die eeue met die Woord en Gees gewerk, vasgelê in God se uitverkiesing kan alleen op die einde bely.- **ek is daarvan 'n lewende lid en ek sal dit ewig bly.** Ons belydenis bevat dus ook 'n drieledigheid wat neerkom op die Drie-Eenheid van God en nou word ek deel gemaak van God se Drie-Eenheid as ek kerk van die Here is.

\*\*\*

Die kerk wat reeds in die Ou Testament al bestaan. Toe die Here daar na Adam in die paradys roep...*Waar is jy?* toe het die Here al begin om sy kerk bymekaar te roep. Ons het nou ook Psalm 48 gelees. Hierdie is 'n Psalm wat die kerk van die Here besing. Die stad Jerusalem in besonder die tempel was toe die toonbeeld van die Here se kerk. Die tempel was op die berg Sion en dit was die sigbare vergestaltung van God se teenwoordigheid, sy kerk.

In die laaste verse sien ons dat die feesgangers, die dogters van die stam Juda wat op pad is na Jerusalem, dat hulle, wanneer hulle by die stad aankom alles moet besigtig. So is ons ook mos nou besig om deur ons belydenis die kerk van 'n kant af te besigtig. Vers 13 –14: *Gaan rondom Sion, trek daaromheen, tel sy torings; let op sy skanse, wandel deur sy paleise, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel, dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hy sal ons lei tot die dood toe.*

As die Here Hom in Jerusalem so deur die mure van die stad en die torings van die stad en die wandelgange van die paleise aan die dogters bekend maak, dan maak die Here Hom ook vandag so deur sy kerk bekend. Deur die paleise en die mure en die torings moet hulle aan die volgende geslag kan vertel hoe die Here werk. So moet ons ook nou deur die kerk aan die volgende geslag kan vertel hoe die Here werk.

Vroeër in die Psalm in vers 4 lees ons *God het Hom in sy paleise bekend gemaak as 'n Rotsvesting*. So gaan dit in hierdie hele Psalm om die teenwoordigheid en die grootheid van God. Die Psalm begin om te sê – *die Here is groot om dan te vertel van die stad van onse God, sy heilige berg*. Hier staan die uitverkiesing weereens uitgeskrywe, broeder en suster, want die Here het die stad uitgekies, ons lees van die *stad van onse God*, Hy het selfs die berg uitgekies, want daar staan, dit is *sy heilige berg!* Dit is die berg waarop sy tempel moet staan.

Op dieselfde wyse het die Here sy kerk uitgekies. Alles vooraf bepaal, soos wat die stad en die berg en die tempel al vooraf gekies is en begin vertel hoe die Here werk en daarin alreeds die fundamente van die Here se kerk lê. Net die verhewendheid van die berg Sion is 'n vreugde vir die hele aarde (vers 3). Die verhewendheid, die uit besonderheid van die kerk van die Here vandag kan 'n vreugde vir die hele wêreld wees, want die Rotsvesting van vers 4 het mens geword. As in vers 4 staan *God het Hom in sy paleis bekend gemaak as 'n Rotsvesting.....* dan weet ons vandag God het Hom bekend gemaak as Jesus Christus. Voor Hom kan die konings maar nou bymekaarkom, al die owerhede van die wêreld kan maar tesame teen Hom optrek. Vers 6 – *Skaars het hulle (Hom) gesien, of hulle het verstom, verskrik geword, in angs weggevlug. Bewing het hulle daar aangegryp, smart soos van een wat baar.*

\*\*\*

Jesus wat vir ons die Rotsvesting wil wees deur sy kerk, is ook soos die Sionsberg wat hoog geleë is in die noorde van Jerusalem. Die hoogte van die Sionsberg en die feit dat die tempel daarop gebou is, was vir Israel die bewys van God se beskermde teenwoordigheid. Ons hoef ook nie bang te word nie, soos die vrees by 'n vrou wat moet geboorte skenk, want Jesus is hoog verhewe, Hy het opgevaar en Hy staan nou aan die Hoof van ons berg en ons tempel, sy heilige kerk. Deur sy kerk wil Jesus Hom nou by elkeen teenwoordig maak. Dit is tog wat die gemeenskap van die heiliges moet beteken. ....**dat die gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap het en aan al sy skatte en gawes deel het.....**Die Here beskerm sy kerk juis deur sy teenwoordigheid in Jesus Christus aan Wie alle mag in die hemel en op aarde behoort. As ons as kerk so aan Jesus vasgryp dan is **elkeen verplig om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.**

As u lid van Christus se liggaam is, dan nooit die Here u uit om in sy kerk besig te wees. Die kerk is Jesus se liggaam, die ware tempel. U as gelowiges word dan selfs heiliges genoem. Afgesonder vir die diens van God, rein onbesmet. Ons is heilig, want die kerk besit Christus gemeenskaplik. In beginsel is die kerk in Christus geheilig en moet u nou elke dag deur die Heilige Gees heilig gemaak word. Dan is die Here reddend teenwoordig in sy kerk. Daarvoor is die kerk dan u en my se ware kragbron, want hier alleen in die kerk van die Here wil die Heilige Gees nuwe lewe in ons blaas. Dat ons ook besef die Here is groot. Dat ons ook besef ons het die beskermde teenwoordigheid van die Here dringend nodig.

Die Gees wil hierdie mag van die sonde in ons verbreek en binne ons kom woon, nie op 'n ander manier of êrens anders as net hier deur sy heilige algemene Christelike kerk nie. Dis al hoe die skatte en gawes, m.a.w. die rykdomme in Christus ons deel kan word. Hierby het Jesus met sy preek op die berg al gesê – Mattheus 6:20,21 *maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is daar sal julle hart ook wees.*

Werklik waar, dan hoor 'n mens baie keer mense nog vandag sê, “die kerk is dood, of die kerk is outyds, of die kerk raak nie meer die jeug nie, die kerk verstaan nie sy roeping in die moderne wêreld nie, die kerk praat nie die taal van sy tyd nie”. Die kerk wat die mense so dood wens, want dit is wat mense werklik doen as hulle sê die kerk is dood. Hulle wil dan maar ook graag weer vir Christus dood hê, klink dit nie vir u bekend nie? Christus was mos waarlik vir sy kerk doodgemaak. Die feit dat Christus uit die dood opgestaan het, die feit dat Christus lewe, maak dat sy kerk nie kan dood wees nie. Ongeag wat ons daarvan sê.

Dit lyk baie keer dalk na sulke groot dwaasheid om vir mense te preek, dat 'n swak, onbekwame, baie keer onbeholpe mens boonop vol sondes dan van God in sy Seun Jesus Christus praat. Dit lyk na dwaasheid. Ons mense soek ander aksie. Tog sê die Here – ons moet in die erediens preek, want elke keer waar dit gebeur is Ekself met my Heilige Gees teenwoordig. 1 Korintiërs 1:18 – *Want die woord van die kruis (m.a.w. ook om te preek) is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.....* vers 25 – *Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God is sterker as die mense.....* -vers 27 *maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.*

Daarmee sê die Here ook aan die gemeente, kyk by die prediker verby, ons moet God raaksien. Sal ons dan nog sê, die kerk is dood! Die Here wil deur hierdie kerk van hom, die vergewing van sondes aankondig. Dit is die slot van ons belydenis vandag. Totius het al vir sy studente gesê – “wie die kerk bedank, bedank vir sy saligheid”. Lees maar weer artikel 28 van die NGB soos wat die Bybel daarin praat en dan kyk ons of Totius verkeerd is. Buite die kerk is daar geen saligheid nie. Saligheid word alleen in die kerk gesmaak. Vergewing van sondes word alleen in die kerk geskenk.

Gemeente, besef tog die erns hiervan. Kyk na uself, in u kerk-wees. Laat ons meer op mekaar ag gee, meer en meer kerk van die Here wees. Moet tog nie berus in die verskeurdheid van die kerk nie, al kan dit nie die eenheid in Christus nie ophef nie. ’n Eenheid gegrond in die waarheid – Jesus sê dan ***Ek is die weg, die waarheid en die lewe***. Besef u nog en is dit vir u ’n erns as u dit weet, voordat die getal van die uitverkorenes in die Gereformeerde kerk Pretoria nie vol geword het nie, sal die wederkoms nie plaasvind nie.

AMEN